

Argief
**BUITENGEWONE
OFFISIELLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.**



OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.**

UITGawe OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Dinsdag 24 Maart 1970 WINDHOEK Tuesday 24 March 1970 No. 3057

I N H O U D

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 41 Ordonnansie 1970: Uitvaardiging van Ordinance, 1970: Promulgation of 289

C O N T E N T S

Bladsy/Page

GOVERNMENT NOTICE:

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 41.]

[24 Maart 1970

ORDONNANSIE 1970: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet.

No.

Titel

Bladsy

No. 1 Addisionele Begrotingsordonnansie 1970 290

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 41.]

[24 Maart 1970

ORDINANCE, 1970: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

<i>No.</i>	<i>Title</i>	<i>Page</i>
No. 1	Additional Appropriation Ordinance, 1970	291

No. 1 van 1970.]

ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag van hoogstens sewentien miljoen en ses-en-sewentig duisend, vierhonderd-vier-en-tachtig rand ten behoeve van die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1970 eindig.

(Goedgekeur 23 Maart 1970)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

Gebiedsinkomstefonds belas met
R17,076,484 op
Inkomsterekening

1. Die Gebiedsinkomstefonds word hiermee belas met die bedrag van sewentien miljoen en ses-en-sewentig duisend, vierhonderd-vier-en-tachtig rand op die Inkomsterekening soos uiteengesit in die Bylae, tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir die diens van die boekjaar wat op 31 Maart 1970 eindig soos in Ordonnansie 15 van 1969 vermeld is.

Aanwending van
geld.

2. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylae by hierdie Ordonnansie en meer omstandig uiteengesit in die Eerste en Tweede Begrotings van Bykomende Uitgawe (S.W.A. 2-1970) soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur en vir geen ander doel nie.

Met goedkeuring
van Administra-
teur kan besparing
tot bestryding van
oorskrydings
aangewend word.

3. Met die goedkeuring van die Administrateur kan 'n besparing onder die een subhoof van 'n begrotingspos aangewend word tot dekking van 'n oorskryding onder enige ander subhoof, of van uitgawe onder 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die somme wat in kolom 2 van die bylae tot Ordonnansie 15 van 1969 voorkom, nie oorskry mag word nie, en besparings daarop ewemin aangewend mag word vir enige ander doel as dié waarvoor die geld toegestaan was soos in die gemelde Bylae aangedui.

Kort Titel.

4. Hierdie ordonnansie heet die Addisionele Begrotingsordonnansie 1970.

BYLAE

(Ten laste van Inkomsterekening.)

Nr. van Begrotings- pos	Benaming van Begrotingspos	Bedrag R
1	Administrasie	897,382
2	Wetgewende Vergadering . . .	4,740
3	Onderwys	89,362
4	Werke	660,000
5	Gesondheid	300,000
7	Natuurbewaring en Toerisme	91,900
8	Voorrade en Vervoer . . .	777,100
9	Pensioene en Gratifikasies . . .	256,000
11	Aanwending uit die Gebiedsinkomstefonds tot die Gebiedsontwikkelings- en Reservewfonds	14,000,000
	TOTAAL	17,076,484

No. 1 of 1970.]

ORDINANCE

To apply a further sum not exceeding seventeen million and seventy-six thousand four hundred and eighty-four rand towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1970.

(Assented to 23rd March 1970)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Territory Revenue Fund is hereby charged with the sum of seventeen million and seventy-six thousand four hundred and eighty-four rand on Revenue Account as shown in the Schedule to meet certain expenditure over and above the amounts appropriated for the service of the financial year ending on the 31st March, 1970, as specified in Ordinance 15 of 1969.

Territory Revenue
Fund charged with
R17,076,484 on
Revenue Account.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule to this Ordinance and more particularly specified in the First and Second Additional Estimates (S.W.A. 2-1970) as approved by the Legislative Assembly and to no other purpose.

Application of
money.

3. With the approval of the Administrator, a saving on any sub-head of a Vote may be made available to meet excess expenditure on any other sub-head, or expenditure on a new sub-head of the same Vote: Provided that the sums appearing in column 2 of the Schedule to Ordinance 15 of 1969 shall not be exceeded, nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money was granted as indicated in the said Schedule.

With approval of
Administrator
savings may be
made available to
meet expenses.

4. This ordinance shall be called the Additional Appropriation Ordinance, 1970. Short title.

SCHEDULE

(Chargeable to Revenue Account.)

Vote No.	Vote Designation	Amount
		R
1	Administration	897,382
2	Legislative Assembly	4,740
3	Education	89,362
4	Works	660,000
5	Health	300,000
7	Nature Conservation and Tourism	91,900
8	Supplies and Transport	777,100
9	Pensions and Gratuities	256,000
11	Appropriation from the Territory Revenue Fund to the Territorial Development and Reserve Fund	14,000,000
	TOTAL	17,076,484

